SIZA EN WIETA ERKENNINGSPROSES VANAF 1 MAART 2016:

'n Gesamentlike kommunikasie deur SIZA en WIETA: 25 November 2015

In 2014 het SIZA en WIETA 'n Tegniese komitee aangestel wat die etiese kode, ouditproses en -metodologie, asook relevante dokumentasie van die twee organisasies vergelyk en hersien het. 'n Formele vergelyking tussen SIZA en WIETA is daarna deur middel van die GSCP (Global Social Compliance Programme) vergelykende proses in 2015 afgehandel. Na afloop van die dokumentêre vergelyking is die ouditproses fisies deur Responsible Sourcing Soluctions Africa (RSS Africa) waargeneem en geëvalueer. 'n Verslag deur RSS Africa is in Augustus 2015 uitgereik en 'n besluit is deur die SIZA-Komitee en WIETA-Raad geneem oor die vergelyking- en erkenning-sproses.

Erkenning tussen SIZA en WIETA sal ten vollle effektief wees vanaf 1 Maart 2016 na die voltooiing van ouditeursopleiding van beide SIZA en WIETA ouditeure gevolg deur individuele erkenning. In die interim indien 'n perseel reeds 'n SIZA oudit ondergaan het en 'n WIETA sertifikaat versoek, moet die perseel tans steeds 'n gedeeltelike WIETA-oudit onderneem. Indien 'n perseel in die interim 'n WIETA oudit ondergaan het en die oudit het na 1 Julie 2015 plaasgevind, kan die WIETA ouditverslag, nadat die perseel SIZA lidmaatskap uitgeneem het, op die SIZA sisteem gelaai word deur WIETA.

INLIGTING

	SIZA	WIETA
TOEPASSING	Pakhuise en vrugteplase moet deur SIZA geoudit word. Die WIETA erkennisgproses is beskikbaar slegs vir gemengde boerdery.	Kelders en wynplase moet deur WIETA geoudit word. Die SIZA erkennisgproses is beskikbaar slegs vir gemengde boerdery.
KOSTES VAN LIDMAATSKAP	Jaarlikse registrasiefooi by SIZA.	Eenmalige registrasiefooi en daarna 'n jaarlikse lidmaatskap-fooi.
KOSTE VAN OUDIT	Derde party onafhanklike oudit maatskappye wat deur SIZA erken word. Koste word verhaal deur SIZA oudit firmas.	Koste word verhaal deur WIETA.

ERKENNINGSPROSES

SIZA

Opleiding van WIETA-ouditeure.

Erkenning van WIETA-ouditeure by SIZA.

WIETA registreer op SIZA-platform namens hul ouditeure.

Produsent/Boerdery moet op SIZA se stelsel registreer.

Ouditeur laai verslag op SIZA-stelsel.

Produsent laai korrektiewe aksies op SIZA-stelsel.

SIZA hersien korrektiewe aksies.

SIZA reik brief uit met Kategoriestatus A-D.

WIETA

Opleiding van SIZA-ouditeure.

Erkenning van ouditeure op WIETA Ouditeur-Erkenningsprogram

SIZA-ouditeure registreer op WIETA-stelsel.

Produsent/Boerdery moet op WIETA se stelsel registreer.

Indien SIZA-ouditfirmas gebruik word vir 'n WIETA-oudit

1) Vir WIETA-sertifisering moet 2 ouditeure gebruik word vir plase met meer as 20 totale werkers en

2) Werkerverteenwoordigers word by die inleidende en sluitingsvergadering betrek.

Ouditeur laai verslag op WIETA-stelsel.

Produsent laai korrektiewe aksies op WIETA-stelsel.

WIETA hersien korrektiewe aksies.

WIETA reik sertifikaat uit vir 3 jaar of voorwaardelike sertifisering afhangende van die status van korrektiewe aksies.

BEPLANDE IMPLEMENTERING

VAN OUDITERKENNING

STAPPE	AKSIES WAT GENEEM SAL WORD	BEPLANDE DATUM
KOMMUNIKASIE AAN LEDE VAN ORGANISASIES	Deur middel van nuusbriewe & vergaderings.	Vanaf November 2015
SIZA OUDITSTELSELOPLEIDING	Opleidingswerkswinkel - SIZA ouditeurs - WIETA ouditeurs	November & Desember 2015
WIETA-STELSELONTWIKKELING	Die WIETA-stelsel sal so ontwikkel word om dit moontlik te maak vir vrugteplase en -nommers wat nie op SAWIS is nie, op die WIETA-stelsel te registreer.	Februarie 2016
OUDITEURSOPLEIDING	Opleidingswerkswinkels in: • Etiese Ouditering (2 dae-kursus met assessering); • Gesondheid en Veiligheid in Landbou & Ouditering (1 dag-kursus); • WIETA-ouditstelsel (1 dag); • Ouditmetodologie-evaluering (1 dag per ouditeur). *Slegs ouditeure wat die opleiding bywoon en voltooi sal erken word vir die SIZA en WIETA erkenningsproses.*	Februarie 2016
WIETA OUDITSTELSEL-OPLEIDING	Opleidingswerkswinkel vir SIZA-ouditeure.	2016

Vir enge verdere inligting rakende hierdie kommunikasie, kontak gerus vir –

Retha Louw van SIZA (retha@siza.co.za)
Linda Lipparoni van WIETA (linda@wieta.org.za).